Geagte kerkraad en Ds Weststrate.

Omdat deur mnr. Naberman weereens aan my gevra is om my bedanking vir die 2 de maal in te handig om uit die GGiN as lid te bedank, nadat ek vir meer as 24 jaar lid was, alhoewel ek alreeds meer as 'n jaar gelede my bedanking ingedien het, het ek dit goed gedink om weereens my bedanking as ook my redes van bedanking in te handig.

Om te begin wil ek ook aan u weergee dat ek nie glo dat die GGiN die enige en ware kerk is nie. Ek sal ook vir julle weergee waarin die Here my oe geopen het volgens Gods Woord. Dit sal my nie help om aan julle weer te gee watter wee die Here gebruik het om my op Hom en Sy Woord alleen te vestig nie. Ek hoop dat julle in aandag elke gedeelte deeglik deur sal lees en nie opmerkings sal maak omdat julle slegs lees en wil verstaan wat in julle eie gedagtes is nie. Vestig julle siening ook so op Gods Woord alleen en nie op wat die of die predikante weergee nie. Die Woord van God is tog onveranderlik en staan vas tot die EEUWIGHEID.

**Indeks:**


Eerbied, liefde en gedrag:....1
Kleredrag:....3
Kom ons staan stil by belydenis van die gelowiges:....3
Onbekeerde ampsdraers:....4
Wat hou die ontdekking van sonde in:....9
Wanneer is iemand waarlik bekeer:....10
Preke wat onskriftuurlik is:....12
Die Baard:....13
Kom ons sluit af:....16


## ***Eerbied, liefde en gedrag:***

Die hoofgedagte dat Christus die enigste Hoof van Sy Kerk is moet u elkeen aan vashou. "***Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is***", *1 Kor. 11:1.* Sonder die erkenning van Christus as die hoof van Sy Kerk hoef ek nie eens verder aan julle te skrywe nie "***Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewillig; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde***", *1 Pet. 5:2.*

Dan is die ander saak, hoe moet die tug toegepas word en op wie en ook wanneer. Julle taak is nie om die gelowiges aan julleself te onderwerp nie, maar aan die enigste Hoof, Jesus Christus. Voor Hom moet die ampsdraers saam met die kudde buig.

Wat is sake erg beroerd en ook besig om te versleg in die saak van ware broederlike liefde in die kerk. Ek dink dat die grootste rede vir die verslegting is omdat die menslike hoogmoed nog groter en hoër uitstaan as ooit tevore en daar min tug deur die kerk daaroor verleen word. Elkeen wil in aansien wees en die geringes in die geldelike sy is niks meer werd nie. Die wat arm in die wêreld is, waarin God se genade en liefde woon, word verag en nie meer in ag geneem nie. Ek gaan wel die saak verder uitbrei en wil ook weet wat julle daaraan gaan doen! Julle weet almal as kerkraad dat die geluide baie steurend is van die winkel sentrum langsaan, veral as daar ook nog ritmiese musiek gespeel word. Ek glo nie dat die kerk net uit 'n hoogmoedige en bombastiese wêreldse kerkraad of lede bestaan nie, maar dat die kerk ten eerste ter wille van die Ware KINDERS van God alleen behoort te bestaan. Wanneer die laaste kind van God gehaal word, wat sal dan gebeur met die kerk en die wêreld. Ten andere moet die Woord ook aan die onbekeerde uitgedra word, om God welbehaaglik te dien met eerbied en vrese. Daar moet dus ook vir land en volk gepreek word, daar moet publiek gepreek word, dus nie net vir die kerk nie. Die wat in die kerk dien behoort ook, al is dit in watter posisie, al is dit 'n gewone lid of die predikant, een saak voor oog te hou, en dit is die saligheid van Gods volk, die woorde hou ook in dat elkeen wat onbekeerd is en Christus nie as die Saligmaker ken nie, nie onbekeerd 'n lid kan wees nie. Deur Gods Woord word die eis opgelê dat hy of sy bekeerd moet word en wederbaar moet word in Christus genade alleen. Geen een het dus die reg om as onbekeerde in die kerk BELIJDEND lid te wees nie. Ja daaronder kan ons ook voorhou dat elkeen vanuit Gods Woord dienende moet wees.

Toe vader Schinkel koster was, wie wou hom ondersteun in die sake van God volgens Gods Woord, van die ampsdraers het gesê dat dit nie so nou moet wees nie. Hy het in elke opsig gepoog om die saak op te weeg na Gods Woord as ook na wat die kerklike siening behoort te wees. In alle eerbied vir God en Sy Woord, het vader Schinkel in alle strengheid gepoog om vas te hou aan hoe dit behoort te wees, maar wie sal hom ondersteun, nee julle breek eerder alles van ware Godsdiensoefening af as opbou. Indien daar musiek langsaan sou wees

wat nie daar hoort nie sou hy ook die saak op hom geneem het om die te probeer oplos indien moontlik. Dus, hy het foute, maar hy is nie 'n lafaard wat vroue met die vuis stamp nie, of wat dames uit die pad uitstamp. Sjaak vd Smit als ook Dies Nap, julle 2 het sake om reg te maak, Klagte 1: Sjaak wat moeder Schinkel met die vuis gestomp het op haar bors ens. ens. en Klagte 2: Dies wat my dogter uit die pad gestamp ens. ens. Ek vind dat julle Gods huis belaster deur julle dwase optrede, dan praat ek nie eens van die wat die sake van die twee wêreldse liefhebbers ondersteun en goed praat nie. Is dit Gods Huis of moet julle koninkryk heers. Het julle belydenis afgelê dat julle die wêreld wil dien of God wil dien en wie gee julle tot die lafhartige dade reg. Legemaat het my 3 jaar gelede opdrag gegee om self persoonlik met Sjaak en Arnold te praat oor hulle ongehoorsame kinders tydens die katkisasie. Nadat ek met hulle gepraat het, het Legemaat en die kerkraad van my geëis in onreg om verskoning te vra vir Sjaak en Arnold, WAAROM? Legemaat wou nie self die ouers aanspreek nie en het my opdrag gegee om dit te doen. Waarom moes ek om verskoning vra? Wat het julle liewe kinders gedoen waaroor klagtes ingedien is: om ander in die Sondagskool en katkisasie te irriteer deur hulle te gooi, snoepies in hare te druk, onder gebed rond te loop, kliphard te praat en grappe te maak onder les, kinders uit te lag en vir Legemaat uit te lag, asook geen eerbied vir hulle oupa te besit nie wat les behoort te gee tot onderrigting van die jeug nie. Inteendeel is die klagtes van die heersende Dies Nap en vd Smit 'n klad op die naam van die kerk. Dit wat moeder Schinkel gedoen het deur die deur toe te maak, Dies het vir moeder Schinkel die vorige Sondag gesê dat sy die deur moet toemaak, wie het vir Sjaak die reg gegee om moeder Schinkel so uit te trap ens, die deure is ook die plig van die koster. Hy moet verskoning kom vra het indien die musiek irriterend was en **hy niks daaraan gedoen het nie**.

Wie het vir vd Smit reg gegee om moeder Schinkel met die vuis reg bo haar bors te stamp. Wat spreek die Bybel daarvan... Levítikus 19:32 "***Vir die grys hare moet jy opstaan, en .... 'n grysaard eer; en jy moet jou God vrees. Ek is die HERE.***" Staan daar nie ook in Job "***Waarom sleep jou hart jou weg? En waarom flikker jou oë so-- dat jy jou toorn rig teen God en sulke woorde uit jou mond laat uitgaan?***" Ja koster Dies Nap, dat u nog, nadat vd Smit sy vinger voor ma se oë rondswaai en haar goed op haar kop gegee het met sy woorde, ook u vinger kom rondswaai voor moeder Schinkel en met 'n stem staan en uit basuin net so als of u met 'n hond te doen het, toon net dat u nie as koster in die werklike kerk van God kan dien nie, u moet God en u naaste dien en deur u optrede toon u dat u die wêreld en uself dien en Godshuis en Godsvolk verafsku. Was dit nodig om my dogter Maria wat veel kleiner as jy is uit die pad te stamp. Ek is seker jou moeder en godvresende vader het jou maniere geleer. Ken u nie meer die woord jammer, of is dit omdat u koning koster is dat u kan maak wat u wil. Waarom sal u op 'n diensmaag ag slaan, waarom sal op die woorde dat jy jou naaste moet liefhê soos jou self ag geslaan word. Wat is u wel ryk en verryk in u self maar geestelik? Waar is julle vrese vir Gods volk, dink julle wêreldse mense wat die kerk na julle wêreldse wil regeer dat God slaap en julle nie sal straf nie. Toe Legemaat 4 jaar gelede ook partydig kant gekies het vir sy skoonseun, het julle als kerkraad julle skuldig gemaak deur nie die saak volgens Gods Woord uit te sorteer nie, want Legemaat sê dan dat alles stigtelik geskied, maar God sal self tot oordeel Sy oordeel fel. Moet die wat wandel in Gods weg en teen alle valsheid is, dan verskoning vra oor al die skynheiligheid wat in die kerk bedryf word. Oordeel self, want God weet wat se onreg julle Sy Naam aangedoen het. Romeine 2:5 "***Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God.***"
Maar ek verwag dat indien die kerkraad en kerk nog enige tug ooreenkomstig Gods Woord wil handhaaf, die kerkraad vd Smit en koster Dies Nap moet inroep en skuld erkentenis af eis en aan moeder Schinkel en Maria om verskoning gevra moet word. Wat gaan julle doen, Sjaak en Dies onder sensuur plaas omdat hulle eerder die wêreld wil dien as God, dat die ook geen eerbied besit vir die vroulike geslag maar ook vir die huis van God waaroor julle sê dat God julle geroep het. Ek kom later terug tot die demokrasie wat julle in die kerk ingebring het as ook die wêreld gelykvormigheid... Is daar nog veel wat kerkdiens as ere van God hou, en word Gods vrese nog op Sondae en onder die eredienste gevind met sulke musiek op die agtergrond as ook van sulke kleredrag soos wat sommige vrouens en kinders aantrek, omdat julle die beginsels verwerp wat julle voorouers aan vasgehou het, ons kom later daarby. Wat het ek u, Naberman en ds. Weststrate voorgehou, maar ek sien mos alles verkeerd, en ek draai ook onnodig om die sake wat in Gods Woord is, hier is net weereens vir julle die tweestryd sigbaar tussen die kerk van God en die wêreld met kamma godsdiens. Op die wyse dat die mens die kerk bestuur met menslike wette, op dese wyse kan God nie gedien word nie, waar staan julle... Almal is besig met 'n spel van kerk speel, met die pyl met dodelike gif: "***Kom laat ons saam staan teen ware eerbied en wat God in Sy Woord voorskryf, almal mense vriende en verbuig Gods Woord om by ons sake te pas...***", ***"Laat my koning kraai op die gebied, dan kan jy weer daar koning kraai.***..", "***Ek volg jou hierin, dan volg jy my weer daarin***", "***Glo jy dit van my dan glo ek dit van jou.***", "***Moet God 100% gedien word***" , "***Wat straal julle uit in julle eredienste en selfs op kerkgrond, dat God by julle woon?***"
Julle sal julle kerk moet suiwer indien julle die werking van die Gees van God oor julle wil ontvang. Kan julle nie insien dat die Gees van God van julle gewyk het nie. Ek dink julle het 'n biddag nodig tot terugkeer na die ware Godsdiens van God. En dan in julle vrome preke, die mens kan nie God en die wêreld dien nie. Ek wil u dan ook vra wat hou die Avondmaal by julle in, jul antwoord is dan seker: "Die Avondmaal is vir God se volk", maar

sonder enige skeiding, dus gaan almal aan en/of word Gods volk volgens menslike wette wat teen Gods wette gestel is verbied om deel te neem. Dan is u woorde ds Weststrate dat ons nie daarom moet draai nie, maar julle het teen Gods Woord in 'n mens wat God ook tot die maaltyd roep verbied om aan te gaan. Dit moes tot die been toe skoongemaak geword het en alleen na Gods Woord in die saak gehandel geword het. Nie na die kerklike wette nie, maar na Gods Woord! Ek wil julle ook vra, mag 'n ouderling ***wat Christus nie eens ken nie***, wagstaan by die maaltyd tafel van die Here, dit is so goed als om die duiwel wag oor die kerk te maak... Maar die Here sal al die kerk politieke, tugteloosheid of/en wêreldse leefwyse swaar besoek en dan maak God geen onderskeid tussen bekeer en onbekeerd nie. Dan sal die Here soos in die dae van Lot net enkele uitlei, omdat God Sy gemeente dan sal saamroep van die vier windstreke van die aarde tot die voleinding van die wêreld. Dan sal die kerk en die roomse kerk dieselfde wees in waarde*, "**omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug**", Openb. 3:16.* En die uitverkore Volk van God wat deur Hom self gereinig is, die Gemeente, wat die ware Heilige, Algemene Christelike Kerk is, nie die kerk met die klein letters nie, sal deur die poorte van die hel nie oorweldig word nie, want die lewende lede daarvan se name staan gegraveer in die handpalms van Christus.

## ***Kleredrag:***

Dominees wat vroeër die oordeel uitgespreek het oor katkisante meisies en belydende vroue met kort / lang broeke, kort haar, televisie, ens. lewe nou self as antinomiane. Indien leraars en die se huisgesinne lou word in die uitlewe van die vleeslike wêreld gesindheid is dit ook waar dat die kerk in massas volg. Nee die massa volg nie net alleenlik nie, dit gaan nog 'n stap verder en dan is die wal van die dam reeds verswak. Waarmee dink u gaan u die watermassa mee keer... Die leraars moet juis wakend en biddende opsien dat hy nie val nie, indien wel, terugkeer na Gods Woord want daar staan "***en wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.*** " My vader het gesê dat dit waaroor julle en julle kerk streng staan gaan net nog tyd neem en dan gaan julle ook daarin eers toelatings inpas, en dan sal dit nie meer lank wees nie of alles gaan oorboord gegooi word. Weet dan ds. Weststrate dat u met u toelatings die deur eers 'n skrefie oop gestaan het sodat die klein hondjies in en uit kon gaan, maar u het vergeet dat u daarmee ander peste en plae ook toelaat om u huis te besmet.

Matteus 6:25 "***Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe — wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam — wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?***" Want waaroor gaan dit binne sowel als buite die kerk, om in te wees met die alles wat ons doen, wat ons besit, waar ons woon, as ook in ons leefwyse. Is dit die voorbeeld wat ons van Paulus sien en waarop hy ook die volgelinge van Christus vermaan. Om God in waarheid te dien hou in om geen welgevalle in die wêreldse te vind nie, eerder skade te lei aan alles maar as 'n trompet aan die mond van Gods Woord te wees.

## ***Kom ons staan stil by belydenis van die gelowiges:***

Ons weet wel dat die belydenis van die geloof in die meeste kerk-verbande as die belydenis van die waarheid af geëis word. Die belydende katkisante gee in die geval net hul jawoord op die leer wat daar geleer word, dus op die belydenis van die kerk, soos vervat in die Drie Formuliere van Enigheid. Hiervolgens sê en bely hulle alleen WAT hulle glo, ***maar nie waarin hulle glo nie.*** By die Moorman sien ons dat hy, op die vraag van Filippus: "As julle van ganser harte glo so is dit geoorloof", geloofsbelydenis doen, naamlik dat Jesus die Seun van God is, ook vir hom persoonlik! Die Moorman het regtig geen belydenis van 'n historiese geloof of van 'n kerklike wette en reëls, maar van die saligmakende geloof te kenne gegee. Die doen van geloofsbelydenis is 'n kerklike instelling en nêrens in God se Woord beveel nie. Dit is nie onbybels nie, ten minste as dit in die geloof geskied. Dit is waar dat geen mens het die reg besit om onbekeerd te wees nie. Aan die ander kant kan geen onbekeerde mens belydenis van die geloof aflê nie. Kerke wat onbekeerde doop-lidmate belydenis van die geloof laat af-eis, of laat aflê, maak hulself skuldig aan meineed voor God, beide die kerkraad, die predikante sowel as diegene wat onbekeerd belydenis van die geloof aflê. Verder is belydenis van die geloof aflê absoluut geen voorwaarde om jou kinders te laat doop nie. Indien u dit nie uit die Bybel kan bewys as 'n wet wat God ingestel het nie, is dit selfs nie-Bybels nie. Die geloof van die ouers kom ook nie in aanmerking vir die gedoopte kind nie, laat staan die belydenis van onbekeerde ouers. Indien die doop dan soos julle dit self stel in die plek van die besnydenis is, waar trek julle die lyn deur...

Die doen van belydenis is slegs 'n uitwendige formaliteit in julle kerke om aan te sluit tot die kerk verband en sodanig die lidmate en die rykdom van die kerk te bereken. Indien dit was om die geestelike sy en alleen diegene wat waarlik in Christus glo, waarvolgens die belydenis opgestel is, sal die kerk leegloop en kan nie meer die rykdom van hulle predikante dra nie. Dan sou dit ook gewees het dat die wêreld nie meer die mag in die kerk besit nie, daardeur sou niemand verhinder gewees het om die evangelie te ontvang nie, want dan sou die verkondigers ook die evangelie self op die markpleine verkondig het. Dit sou ook verder te weeg gebring het dat daar minder kans is vir die insluiping van die valse Godsdiens. Ek wonder dan hoe groot sou die getal van die Christendom wees en wie van die predikante dit as hulle roeping sou uitvoer.

Sonder geloof is daar niks te bely, ook nie van die waarheid. Sonder geloof kan ons God nie behaag nie. Al wat uit die vervalste geloof is wat julle bely is sonde. Almal is iets in hulle self en almal weet hoe dit moet gaan, maar van die ware geloof dra hulle geen kennis nie. Daarenteen moet die ware gelowiges hulle monde styf dig hou, want wat weet die armsaliges meer als die kinders van die wêreld wat die rykdom van die wêreld ontvang. Moet julle nie deur leuens wat nie-Bybels is laat bedrieg nie. Die Skrif van die verlorenheid van die mens onder die wet, die toorn van God teen die hel-verdiende mens wat teen 'n rein en heilige God alles versondig het, die genade werk van God in die mens, die verdienste van Christus vir Syne as ook die reiniging in die bloed van Christus, die skenking van die saligmakende genade (skenking van die geloof, die heiligmaking uit Christus verdienste)  en wat julle anders leer is leuens. Sonder die ware saligmakende geloof wat uit Christus verdienste geskenk word aan Sy salig gemaakte Kerk, is alles wat die mens doen 'n gejaag na wind.

**Sonder waar geloof in Christus is die aflê van openbare geloofsbelydenis ongeregtigheid!**

- Handelinge 20:28 "***Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die <u>gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.</u>***"

## ***<u>Onbekeerde ampsdraers:</u>***

Wat verstaan u onder die "***wettige verkiesing deur die kerk***"?  Die kan ons geensins, selfs nie enige ander geskrif of prediker buiten Gods Woord alleen gegee word nie. Gods Woord alleen kan 'n geldige uitsluitsel gee wat ons onder "***wettige verkiesing deur die kerk***" moet verstaan, anders gaan die belydenisskrifte 'n eie lewe lei en dit was nooit die bedoeling van die opstellers gewees nie. Lukas 6:39 "***'n Blinde kan tog nie 'n blinde lei nie! Sal hulle nie altwee in die sloot val nie?***"

Geagte kerkraad en lesers, die aanhaling uit NGB. Art. 31, "Met aanroeping van die Naam van God", hou vir ons meer in as wat die mens daarvan sê. As 'n mens die Naam van God aanroep, in hierdie geval tov die ampte, en mens is nie skaam om Sy wil te ken, soos Hand. 1: 24-26 ("***En hulle het gebid en gesê: U, Here, wat die harte van almal ken, wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het***" "***om die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek.***" "***Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthías geval; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.***") en Hand. 9:15 ( "***want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel.***" ) ons leer, en dit word in grotendeels ook met onbekeerde harte op menslike wyse gedoen, dan is dit alles op menslike goedkeuring gegrond en verwerplik. Dit is dus nie so dat ons maar kan bid om dan vervolgens ons eie wil en / of (kerk) mening te volg, nee, let op my siel wat antwoord God julle gee, Hy spreek gewis tot elk wat vir Hom leef. In die eerste christen-gemeente het hulle die lot, onder aanroeping van die Naam van die Here, gewerp. Dit beteken dat mens God se wil wou ken en erken, niks dan van die mens by nie. En ek glo nie dat u kan bewys uit Gods Woord dat onbekeerdes toegelaat is tot die stel van ouderling of diakens nie. Wat lees ons, wat lees u uit Gods Woord, wie was tot ouderlinge gestel... Wat ook moet geskied volgens die gemeenskaplike geloof van genade, *barmhartigheid, vrede van God die Vader en die Here Jesus Christus, ons Verlosser, dit kan dus nie sonder die ware bekering geskied nie.*

***<u>Laat ons eers stilstaan by wat hou die woord in:</u>***

<u>opsieners, herders (leraars) en ouderlinge:</u>

- Grieks Episcopois; dit is, opsieners, waarvan die woord biskop kom, opsieners van die Kerk. Sien Hand. 20: 17,28 ("***En van Miléte het hy gestuur na Éfese en die ouderlinge van die gemeente laat roep.***" "***Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.***"); 1 Tim. 3: 1 ("***Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk.***"); Tit. 1: 5,7 ("***Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het —***"); Handelinge 14:23 ("***En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.***"*);* 1 Timoteus 4:14 ("***Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge.***")
- Die herders en leraars bedien die Woord in die openbaar. Hulle verkondig die Evangelie en leer die lidmate uit die Woord. Aan hulle word ook opgedra die bediening van die Sakramente, die onderrig of katkisasie van die kinders in die kerk en huis en siekebesoek. Hulle is egter ook "ouderlinge wat arbei in die Woord en leer" (1 Tim. 5:17). Hulle is dus ook opsieners oor die gemeente, saam met die ander ouderlinge.

- In die Bybel word twee woorde vir "ouderlinge" gebruik: "presbuteros" wat "oudste" beteken en sien op die leeftyd of waardigheid van die persoon wat die amp beklee en "episcopos" wat "opsiener" beteken — dit sien weer in besonder op die werk van die ouderling. Dit is duidelik — ouderlinge gee leiding in die kerk en is die "wagters op die mure van Sion" wat oor die gemeente moet waak (Hand. 20:28). Hulle moet toesien dat alles in die gemeente goed en ordelik plaasvind. Hulle moet ook toesig hou oor die leer en lewenswandel van die herders en leraars, waak oor die Sakramente en **sorg dat die kerklike tug gehandhaaf word**.

<u>diakens:</u>

- Die woord "diaken" beteken "dienaar". Hulle amp is die priesterlike amp. Hulle het te doen met die diens van barmhartigheid of armesorg. Dit is liefdediens — daarom is hulle amp "priesterlik" — die priester het met die "liefdegawes" of "offers" gewerk. Christus sê priesterlike amp kom hoofsaaklik daarin tot uiting dat Hy Homself offer vir ons sondes. Daarin is Sy groot liefde vir ons geopenbaar. Só moet ons ook mekaar liefhê en mekaar bystaan in die nood. Ons gee ons gawes aan die Here — die diakens ontvang dit in die Naam van die Here en deel dit in sy Naam uit. So ontvang die armes die gawes uit die hand van die Here.
- Hierdie woord word soms in die algemeen geneem vir allerlei dienaars, Matt. 20:26 (“***maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees.***”, Naamlik julle apostels en alle ander, wat tot die diens van die kerk geroep sal word, vir die word hier sulke wêreldse wyse van heers verbied. Jes. 49:23 “***en konings sal jou oppassers wees, hulle vorstinne jou pleegmoeders; hulle sal voor jou neerbuig met die aangesig na die aarde toe en die stof van jou voete lek; en jy sal weet dat Ek die HERE is, dat hulle nie beskaamd staan wat My verwag nie***”.); Rom. 13: 4 (“***want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf.***”), ook vir die leraars van die Kerk, 1 Cor. 3: 5, en 2 Cor. 11:23; Ef. 3: 7; somtyds in die besonder, soos hier, vir diegene wat die gemeente dien in die sorg van die armes, 1 Tim. 3: 8,12, van welke instelling en amp, sien Hand. 6.

Laat ons eers die Skrif toelaat om te spreek omtrent die Bybelse voorwaardes vir die amp van ouderling.

*1 Tim. 3:1-7*

1 Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk.

2 'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;

3 geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie;

4 een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.

5 Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?

6 Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.

7 Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie.

- *Ouderlinge wat in die sonde lewe, moet uit hul amp onthef word en onder sensuur geplaas word.*
- *Ouderlinge wat nie voldoen aan die bogenoemde Skrif gegewens, mag nie eens as ampsdraer bevestig word nie.*
- *Maar hy moet ook goeie getuienis hê, dit hou ook in geestelike getuie, dus moet dit iemand wees wat ontdek is aan sy verlore toestand onder die wet (as 'n hel verdiende sondaar), maar wat ook Christus as sy Borg leer ken het, wat dus met Paulus kan uitroep, “ek leef nie meer nie maar Christus leef in my...” Die meeste kerkraad is gewoonlik nog onbekeerd. 99% van die teenwoordige ampsdraers weet ten opsigte van die waaragtige bekering en die leer volgens die Skrif niks. As onbekeerde ouderlinge word ingeseën, roep mens die oordeel as die duiwel in. Dit geld ook as nuwelinge in die genade word ingeseën. Paulus sê deur die Heilige Gees in 1 Timoteus 3: 6: "***Geen nuweling [in die genade], sodat hy nie verwaand word, en in die oordeel van die duiwel val nie.***" *In die "" gunstige "" geval sy ouderlinge nuwelinge in die genade, terwyl juis wat ryp is om in 'n oordeel van die duiwel te val. God se Woord verbied dat sulkes ouderling is. Dit geld ook vir nuwelinge in die genade ten opsigte van die amp van alle gelowiges. Wat nie mag leer, sowel as vroue nie mag leer. Vir die dissipels geld (Luk. 22:32):* "**As jy eendag bekeerd is, so**

***versterk [DAN] jou broers**", nie vroeër. Wat doen julle wat die onbekeerde verplig om die amp als 'n roeping aan te neem, God maar verontagsaam in Sy aangesig met die onbekeerde ampsdraer.*

- *Paulus skryf hierdie dinge deur die inspirasie van die Gees beslis NIE in die raamwerk van 'n demokratiese kerkvorm. Sedert die demokratiese kerkvorm ingevoer is, het ons die meeste ampsdraers wat God nie vrees nie en die meeste van die tyd ook geen roeping tot die amp het nie omdat hulle nie eens die Genade van Christus deelagtig is nie.*
- *Ampsdraers wat in die sonde lewe, moet dus onder sensuur. Ek het dit verskeie kere meegemaak dat ek bewyse oplewer van ampsdraers wat in die sonde leef en die tug om die rede nie toegepas is nie want die ampsdraers is vriende van almal, daar is dus niks teen gedoen nie en klagtes oor oortredings moes maar laat vaar word het.*
- *'n Ouderling wat God vrees, bekwaam is om te leer, 'n roeping van Godsweë ontvang het, is lewenslank ouderling. Bedanking en herkiesbaar stel van ampsdraers is nie Bybels. Calvyn het hierdie konstruksie uit die Levitiese priesterdienst ge-copieer, maar op die punt het hy die kerk gedeformeer. In die NT is die amp vir die lewe. Bedanking en herkiesbaar stel ten opsigte van die amptelike diens is OU TESTAMENTIESE, maar in Christus geld die amp vir die lewe.*
- *Volgens Gods Heilige en onfeilbare Woord kom nuwelinge IN DIE GENADE **nie in aanmerking vir die amp** van ouderling. Ek wil dat julle oplet dat ek juis stel nuwelinge in die genade, hoeveel minder dan die sonder die verlossings genade in Christus nie, sonder bekering, sonder God wederbaar nie.*
- *Ouderlinge wat goed regeer, moet dubbele eer waardig geag word, maar ouderlinge wat nie goed regeer en hul amp onwaardig is, mag nie geëerd, maar moet onder sensuur gestel word.*
- *Weereens, ouderlinge wat toonbaar in die sonde lewe, moet onder sensuur en uit die amp onthef word.*
- *Tussen 'n leraarsamp en die amp van ouderling / diaken sit egter wel enige verskil, want ouderlinge gekies, maar leraars kry 'n beroep, omdat hulle van Godsweë geroep is, as dit reg lê.*
- *Ten slotte: ek ken ouderlinge wat God nie ken als hul saligmaker nie, wat dus ook geen roeping tot die amp het nie. Sulke mense sal geen seën vir die gemeente kan wees. Dit geld ook vir nuwelinge in die genade, ook die mag nie in die ampte bevestig word, en dit geld ook vir onbekeerde ampsdraers. God se Woord leer duidelik:  Jeremia 23:33 "As hierdie volk of profeet of priester jou dan vra en sê: Wat het die HERE gelas? --dan moet jy vir hulle sê: Júlle is die las. En Ek sal julle afwerp, spreek die HERE."*

Hebreërs 5: 13 & 14 ("***Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is.***" "***Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei***") leer duidelik dat ampsdraers van God geroep moet wees, en wys in die eerste plek op die inwendige roeping. Die kerklike ampsdraers-verkiesing mag dus nooit op 'n demokratiese wyse (meeste stemme geld) geskied, (wat allerweë gedoen word), maar slegs op 'n teokratiese wyse, want die verkiesing gaan van God uit. Gód bevestig ampsdraers en niemand anders. 'n Wettige verkiesing deur die kerk is dus slegs wettig wanneer op 'n teokratiese wyse geskied en onder aanroeping van die Naam van die Here. God is Regter, wat verneder en verhoog. Bid sonder God se Wil te wil verstaan is altyd goddeloos en seker in die raamwerk van ampsdraers-verkiesing.

**ARTIKEL 31 Die roeping tot die amp kom van die Here.**
"*Ons glo dat die dienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die kerk, met aanroeping van die Naam van God en goeie orde, soos die Woord van God leer ...*"

In die eerste plek moet gesê word dat God se Woord geen demokratiese kerkvorm leer, maar net 'n Presbiteriaanse kerkvorm. Ouderlinge is presbiters, volgens die Griekse grondtaal. Demokrasie in die Kerk is ten ene male goddeloos en verwerplik, met name tov die ampsdraers-verkiesing. In die Presbiteriaanse kerkvorm regeer Christus deur sy Gees. Alle menslike en demokratiese kerk-stelsels dien daarom verwerp te word. Die wettige verkiesing deur die kerk sien nie op die kerk met 'n klein 'k', maar sien op die Kerk met 'n groot 'K', naamlik God se ware kinders en dienaars, onder aanroeping van die Naam van die Here. Sodra daar geen sprake meer is van 'n Kerk met 'n groot 'K' is daar ook geen sprake meer van 'n wettige verkiesing deur die kerk. "Kan ook wel 'n blinde 'n blinde op die pad lei? Sal hulle nie altwee in die sloot val nie?" Luk. 6:39. Ongelowiges kon naamlik God se Naam in hierdie raamwerk nie eens aanroep, laat staan, Sy wil te ken. God se Gees sal dus as dit reg lê ook in hierdie saak mede getuienis in die harte van die gelowiges gee (Rom. 8:16), want in die mond van twee of drie getuies sal elke woord bestaan, Matt. 18:16; 2 Kor . 13: 1).
Wat hou die Bybel in oor die roeping sonder 'n inwendige roeping deur die Heilige Gees:

- Hebreërs 5: 4 en 5 "***En niemand neem die waardigheid vir homself nie, maar hy wat deur God geroep word, net soos Aäron.***" "***So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer.***" Vriende as u onbekeerd is, watter reg het u om u te verhoog bo Christus. U wat weier om Christus as u saligmaker te erken, wat tog 'n eis is wat God van elke gedoopte, elke persoon wat

onder die ware Woord van God staan af eis. Hoekom sal u dan luister indien God u roep tot enige amptelike werk, waar u nie eens wil luister na Sy roepstem tot bekering nie. Sal jy jou vyand as leërowerste aanstel indien die nie jou as koning erken nie, en u kan voorhou dat u God erken en ook voorhou dat u God wil dien maar, als onbekeerde is dit tog onmoontlik. Julle wil as voorbeeld my nie as leraar in julle kerk aanvaar nie want ek is ten eerste nie lid in julle gemeente nie. Indien julle my toelaat om vir julle gemeente te preek, sien julle tog die gevaar daarin dat aan julle ander sienings, wat julle as dwalings sien, verkondig sal word. Nou wil ek julle vra, hoe kan iemand wat nie deur God ingelei, deur God wederbaar is nie, as 'n blinde 'n blinde lei...

- Mattheus 4:21b & 22 "***en Hy het hulle geroep.***" "***En hulle het dadelik die skuit en hulle vader verlaat en Hom gevolg.***", Is julle geroep... Maar toe God julle toegeroep het tot bekering, waar was julle? "Maar ons kan nie uit ons self bekeer word nie!" Dit is waar dat die mens onwillig is, dat die mens dood is onder die wet van sonde en oordeel, maar wat eis God in Sy Woord. Het daar ook nog nooit 'n roepstem tot elkeen van julle uitgegaan dat julle verlore is onder die wet deur julle eie sonde en ongeregtigheid nie. Maar julle hoor eers die roepstem tot die diens van God maar die roepstem tot genade verwerp julle, kan dit... Moet 'n mens eers loop voordat jy kruip, moet jy eers vaste spyse gebruik voordat jy melk drink... Hoe kan julle God in waarheid dien en volg indien julle nie die wêreld en die wêreldse sake verlaat het nie, indien julle nog leef en Christus nie in julle leef nie...
- Matteus 24:45 & 46 "***Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?***" "***Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind.***", Waar dink julle moet ons begin... 2Kor 5:11 " Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig; maar voor God is ons openbaar, en ek hoop om ook in julle gewetens openbaar te wees." Om julle te oortuig wil ek ten eerste by Gods Woord begin, by die verkondiging van die Woord van God, uit die Woord van God alleen. Die Woord van God hou in dat elke mens wat onder die wet leef verlore is uit en deur die wet. Die wet bring ook deur die werking van Gods Gees elkeen se eie sonde kennis en die vrese van die Here omdat ons in ons eie verdoemde staat voor God staan na vore. Hierin word ons ontdek in ons hels verdiende staat waarin ons deur ons self met ons eie kleed van eie geregtigheid bekleed is, sonder God, verlore, ja uit ons self vir ewig verlore. Sonder ware kennis van die vrese als ook hoe God 'n slaaf die wêreldse gees tot kind van God verander. Romeine 8:15 "***Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!***" Met jou ongehoorsaamheid word jy as mens bevang met die gees van slawerny tot vrese, (Vanaf die ongehoorsaamheid van die eerste mens, vanaf ADAM wat in die paradys gesondig het), jy het dus toe al jou eiegeregtigheid bedek, jou naaktheid van sonde met blare. En nog steeds dink jy om weg te kruip vir God. Want jou sonde, jou oortredings roep om straf en oordeel voor God... Kan u sien dat dit uiters noodsaaklik is dat die vrees van die Here in opregtheid as ook die skrik en vreeslike oordeel van die Here. Maar dit is ook net so belangrik om die saligmakende genade kennis uit Christus verdienste in jou eie lewe te leer ken, nie uit boeke nie... Hoe kan jy in waarheid die gevegsveld betree sonder die wapenrusting als ook kennis om dit te gebruik nie...
- Lukas 10:2 "***Hy sê toe vir hulle: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes uitstuur.***", Ek wil eerstens vir u wys dat die lewe van 'n ware christen niks anders is als 'n lewe van gebed nie. God se volk is in totale afhanklikheid van Hom, daar is ook geen gelowige verwagting van ons nie maar in Hom alleen. Ek vind dit wel betreurend dat daar elke keer aan die stukkie menslike siening vasgehou word, "maar as ek dit nie aanneem nie gaan die kerk te gronde..." Wat is dit dan net keer op keer vir my duidelik dat dit om een saak gaan, nie dat Gods wil geskied en dat ons biddende gemaak moet word vir Gods saak nie, maar: Dit wat ek glo, wat ek wil behou, wat ek wil red, waartoe ek in staat is... In die gebede, gaan dit oor "***laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;***", of oordink wat in my gedagte is Here, en voer dit daarvolgens uit. Dit gaan nie regtig oor die Here se wil nie, ons het nog soveel van onsself oor, hier is genoeg "bekeerdes" nog in ons midde. Ons het mos ook Gods Woord en weet daaruit hoe dit moet. Daar is ook genoeg geleerdes wat ons onderrig en ons het genoeg bewyse uit oud-vaders se geskrifte. **Is dit nie juis die valse weg wat ek juis wil bestry nie...** In die eerste plek verdraai die mens Gods Woord om by homself te pas, by ons eie gedagte. In die tweede plek dink die mens dat hy hom self kan red, wat reeds van die begin af 'n leun van die duiwel is, want alles wat by en in die mens is leer die Skrif ons is hel waardig, selfs ons denke. So kan ek ook voortgaan om julle aan te toon dat die Woord van God deur die Heilige Gees geïnspireer is, en nie uit of van die mense wat dit geskryf het nie. Deur die vertaling vanaf die grondteks het baie waardevolle sake verlore gegaan, maar die mens neem ook die Woord van God uit die konteks geskeur, om sy eie sake te bewys. Om inkomste als ook 'n sekere lewenstandaard te volg het vir die mens 'n groter belang geword als om in waarheid na Gods Woord te wandel. Hoeveel tyd spandeer ons vir wat, hoeveel tyd is daar nog vir God en Sy Woord. U besittings is vir u van groter belang als om die Here se wil af te bid en te smeek. "Ja maar ons is nie bekeer nie en kan nie in opregtheid bid nie." Maar julle is wel geroep om voor God in Sy kerk te werk? Hoe kan julle dit

verduidelik. Ek veroordeel u nie, maar hoop om deur my swakke redenasie te bring by die punt dat 'n onbekeerde nie diaken, ouderling of selfs predikant kan wees nie. U behoort Gods volk te dien na Gods Woord en dit kan alleen indien u van God self geleer het wat dit inhou om sonder God verlore te wees, maar ook deur God regverdig veroordeeld te wees. Dan sal u mond stil word en vir God wag om u te antwoord. Dan sal daar ook nie meer veel wees om oor te bid nie, want als hel verdiende is God regverdig om ons te veroordeel. Dan kan ons ook nie betaal nie, maar ons kan ook nie van ons naaste eis om ons of ander se skulde te betaal nie. Dan sal dit stilstand by jou wees teen jou naaste, maar oorlog in jou self...

- Johannes 15:16 "***Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in My Naam vra, Hy julle dit kan gee.***" Geliefde vriende wat mag ons diep ontdek word aan ons eie toestand voordat ons als kind die weg van ons Vader sal soek. Die slaaf in die wêreld kan God nie dien nie. Ja ek stel dit nie verkeerd nie, die ware kinders van God dien God uit God, "***en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my.***" Elke mens wat nie die vrees van die Here ken nie gaan regverdig verlore en word regverdig verdoem. Dit kom er ook by elkeen van u op aan: besit julle kennis aan u verlore toestand, waar gaan julle siele heen na die dood. Al was u wat in die kerk en het wat gedien vir God en Sy volk, als dit sonder Christus genade en Sy verdienste alleen om gaan is dit 'n verlore toestand van die mens... Vir die wat uit Christus saligmakende genade getrek word vind ons ook die ware vrese in, en die kan nie die roepstem weerstaan wat kragdadig geroep word nie. Maar weereens sien ons eers die genade werk van God en dan die eers die toepassing van genadegawe. Die is waarlik onbekwaam om te arbeid, ja hulle leef nie meer nie, maar is bekwaam gemaak, nou leef Christus in hulle, hulle is met 'n inwendige roeping geroep. My onbekeerde vriende wat verkies is tot die diaken of ouderling amp en dit ook nog bo dit alles aanvaar het, " Kom tot julleself, ja, kom tot inkeer, o nasie wat nie skaam word nie!"
- Handelinge 13:2-4 "***En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het***." "***En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan.***" "***So het hulle dan, deur die Heilige Gees uitgestuur, afgegaan na Seleúcië en daarvandaan weggevaar na Ciprus.***"
- Handelinge 20:28 "**Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.**" Geagte lesers uit die gedeelte kan ons wel duidelik opmaak dat hier gepraat word met die Predikante ten eerste en ten tweede met die ouderlinge om op hul leer, lewe asook hul roeping ag te gee. Verder vind ons dat daar ook gewys word om op die kudde waaroor die Heilige Gees julle gestel het die gemeente van God, nie van die wêreld nie, te versorg. Hier word duidelik uitgedra dat dit die is wat deur die bloed van Christus verlos is soos wat ek dan ook aangetoon het in-verband met wie is lid by die gemeente... Indien dan uit die gemeente van God die ouderlinge alsook diakens gekies moet word volgens julle, dan moet dit tog uit die bekeerdes en nie uit die onbekeerde voortkom. Uit wie bestaan die gemeente van God volgens u... Handel die kerk dan reg om buiten Gods Woord om, want nêrens in Gods Woord vind ek dat die ouderling of diakens 'n onbekeerde mag wees nie... Indien julle beweer dat dit mag, waarop volgens Gods Woord grond julle dan julle sake, want slegs die teendeel kan en mag gehandhaaf word. Als ek dan hiervolgens stil staan: is julle die ware Kerk soos wat julle te kenne gee, of is julle in julle eie oe die kerk wat Gods Woord verwerp en julle eie wette daar stel! Keer terug tot Gods Woord en dien God volgens Sy Woord en nie volgens menslike wette waarin julle veroordeel sal word nie.
- Romeine 10:14 "***Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie?***", Hoe duidelik toon Gods Woord ook hierin dat die aanroep ook gepaard moet gaan met die ware geloof wat uit Christus verdienste ontvang word, soos wat ons ook ontvang uit vers 13 "***Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.***" Die persoon word dus nie gered omdat hy die Naam van die Here uit eie krag aangeroep het nie, ook nie omdat hy onder die prediking van julle preke sit nie, maar "En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?" met die toepassende werking van die Heilige Gees. Al was u lewenslank al in die gemeente en was ook in al die kerklike wette onderdanig, maar is nog nie bekeerd nie, dan het jy ook nog nooit die evangelie in die geestelike sin hoor roep nie. Dan is dit ook 'n uitgemaakte saak dat u als hel-verdiende sonder genade voor 'n veroordelende God staan wat by jou rekenskap sal af eis. En hier kom ons dan ook weer terug tot die punt, hoe kan jy wat nog nooit die roepstem gehoor het jou verhef met boekekennis en regspraak teenoor Gods volk. Jy wat nie deel van die volk is nie, jy wil oor hulle als "wagter", als 'n "man" die kinders leiding gee, terwyl jyself as die vyand nie die beginsels ken en besit nie. Jy ken dan nie eens die stem van die koning nie, jy ontken dat die Here jou al ooit toegeroep het om bekeerd te word, en jy is bereid om oor die muur te klim en dit wat van die kinders is, en op hulle van toepassing is, nee dit is nog te gering gestel, jy wil saam met die herder heers en dink om die huis van God so in te neem. Weet dat u alreeds by God vandaan ontdek is en dat Hy u tot die ewige gereg sal

roep indien u nie bekeer word van u verkeerde valse wee nie.

- 1 Korintiërs 1:1 & 2 "***Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus deur die wil van God, en die broeder Sósthenes,***" "***aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges, saam met almal wat die Naam van onse Here Jesus Christus in elke plek aanroep, hulle sowel as onse Here:***" Vriende, julle maak die Woord van God nog verder kragteloos deur te beweer dat julle die Ware Kerk van God is, is julle dan die gemeente van God... Is julle dan die Heiliges in Christus wat in Sy verdienste Sy kinders genoem kan word! Is dit dan ook dat julle strydend is om die dwalende skape tot die Kudde terug te bring, maar ook om die wolwe wat nie van die kudde is nie, te verstoot. Of is dit in julle en by julle dat daar geen onderskeid is tussen die wêreld en julle kerk nie. Wees eerlik met uself, kan volgens Gods Woord dan 'n diaken of ouderling onbekeerd wees, mag dit. Net so min als wat 'n vrou daar kan gestel word als ouderling of diaken en daarop kan toon dat God haar vir die saak geroep het, net so min kan 'n onbekeerde 'n broeder wees van die gelowiges en ook broederlike liefde ten toon stel, dit is ook 'n genade van God! Als ons dan stil staan by die woorde "***saam met almal wat die Naam van onse Here Jesus Christus in elke plek aanroep, hulle sowel as onse Here:***" wat hou dit vir jou in. Ek wil vra of julle nog die werking van die Gees van God in julle gemeente sien. Kyk daarna en oordeel self of julle nie deur die Gees van God verlaat is nie...
- 2 Petrus 1:19 "***En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte***", Ek het al eens vir julle gevra wat wys Gods Woord, maar julle wil terug bly gaan wat het ds. Kersten en ook ds. Malan gewys. Nee geagte medereisiger, moet nie Gods Woord kragteloos maak nie, Gods Woord is hoër als enige menslike stelling of siening. Uit Gods Woord kan nie bewys word dat jy onbekeerde mense mag aanstel nie. Sy Woord moet ons enigste Lamp wees, Sy Woord is deur die Heilige Gees geïnspireer. U geliefde predikante was en is mense net soos jy en ek. Ons kan alleen uit Gods genade lewe, uit Sy verdienste. Ondersoek uit Gods Woord wat is die waarheid. Gods Woord toon dat die bekeerde en onbekeerde nie aan dieselfde juk kan trek nie. Julle maak daarvan dat julle nie buite die gemeente van die gelowiges mag trou nie, is dit nie ook op toepassing dat die ongelowige en die gelowige nie in dieselfde kerk onder dieselfde juk kan trek nie. Ek kan nog veel meer oor die saak tot bewys spreek, maar indien julle nie deur die woorde, uit liefde, aangespoor sal word om Gods Woord te ondersoek nie, kan ek net sowel stop, u het dan reeds die wêreld bo Gods Woord verkies.
- ens.........

## ***<u>Wat hou die ontdekking van sonde in:</u>***

Geagte medereisiger na die ewige lewe, als u maar weet hoe hartseer ek in die diepte van my siel is omdat ek weet dat julle in julle veronderstelde stellings van Comrie volhard en dwaal. "Om die genade veilig te stel het Comrie n wedergeboorte-leer ontwikkel, wat gelei het in die sogenaamde embrio-filosofie. 'n Geestelike embrio kan -volgens Comrie- nog nie eintlik glo nie, maar het slegs 'n ingekorte en verkleinde geloof-vermoë (habitus), waaruit later die geloof oefening volg. Hierdie filosofiese konstruksie is afkomstig van die heidense filosoof Aristoteles. As filosoof staan Comrie duidelik onder die invloed van hierdie heidense veronderstelde leer. Die Embrio leer is 'n veronderstelde leer. Nie Bybels nie... Jy kan nie die Bybel en die veronderstelde leer vashou nie. Met die embrio leer verkondig jy vrede vrede maar dit is nie die werk van die Heilige Gees nie. Met die Afskeiding het die embrio-filosofie van Comrie vir die afskeiders die heilsleer geword, ongelukkig met alle skadelike gevolge als ook verdraaiing en aanpassing van die Ware Woord van God. Ek verklaar hiermee dat ek nie eens is met die dwaalleer wat deur julle weerlê word nie van die veronderstelde embrio leer van die wedergeboorte van Comrie, ds. GH Kersten, als ook die gedeelte wat deur ds. Roos in die Wagters Sions geskryf het oor die leer. As swakke na die liggaam maar in die krag en genade van my Saligmaker wat my die weg anders geleer het, ja ook uit Sy Woord word die leerstelling, als ook ander waarin die kerk dwaal en aantoon dat hulle nie die ware kerk van God is nie, voor God gedagvaar. Op geen manier kan die "Afskeiding" hom beroep op die leer van die Reformasie nie omdat die afgeskeides nie volgens die Bybel, wat die enigste riglyn is wat ons moet glo, vashou nie. Julle maak op meer as een plek die Christus als die Seun van God kragteloos.

Vir die ware christen gaan dit nie of dit die leer van Comrie, van Kersten of........ is nie, maar vir hulle is dit om die Kerk van Christus, hulle wens niks anders te weet als Christus en die Gekruisigde... Die ware bekering is ook nie sonder die bloed van Christus nie, ja dit kan begin by die werking van sonde en kan ook daar stop, want dan is dit valsheid, valsheid en nogmaals valsheid... Die kruisiging en die bloed van Christus waaraan betaling en voldoening in verkry moet word ontbreek by julle kerk se siening, in die leer van die embrio wedergeboorte. Die Bybel self maak nie een plek melding van die veronderstelde embrio wedergeboorte nie. Waarom hou julle nie aan die Bybelse Woord vas soos wat julle aan die voorgestelde leer vashou nie. Is dit omdat julle dan in alles moet terug keer na die Bybel als die enige Woord van God. Als die bloed van Christus ontbreek, al is jy als ryk en verryk, al doen jy jou voor als 'n bekeerde, dan is daar geen lam in u huis geslag nie, en geen bloed aan die

deur poste, dink u dan dat die verderf Engel u huis verby sal gaan... Daar kan niks by die Woord van God bygevoeg word tot die saligheid van die mens nie en ook niks weggehaal word nie. Met ander woorde, niks kan bygevoeg word of weggelaat word, alleen uit Christus verdienste en genade kan die mens salig word. Ek wil verder gaan deur weer te gee dat die evangelie bevrydend is maar deur die wet wat die ellende en verlorenheid ontbloot. Ons kan dit vind in die Wet, ek kan dit in 4 fases indeel om dit meer begryplik te maak om aan te toon hoe God Sy beeld af eis in en deur die verlorenheid van die mens:

1. Die mens wat verhard in ongeloof, gaan verlore onder die wet, dan is daar ook die wat met 'n skrik na huis gaan. Ons kan ook praat van 'n wettiese ontwaking, verlange na geregtigheid, maar nie van Christus. Jesaja 55:1 “o Almal wat dors het, kom na die waters;...” Die dorstige in Jes. 55:1 is dorstig vanweë die ou mens wat sterwende is, vanweë die bediening van die dood.
2. Laat jou deur die wet verdoem... “vervloek is elkeen wat nie bly in die wet nie” – Kom vrese oor jou – slaafse vrees, Rom. 8:15 "***Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie,...*** " – probeer red wat te redde is (alles is vervloek wat jy doen, kan nie eens Gods woord oopmaak nie) Poog om alles goed te maak. Johannes 5:25 “***wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe.***”
3. Hier word jy gearresteer, hier ontvang jy jou verdoemde vonnis, word in Adam afgesny, kry jou skuldbrief tuis, dan kan jy nie meer lewe, maar ook nie sterwe (kan nie beantwoord aan die eis van God, ek het geëet, die ewige verdoemenis is teen jou uitgespreek) Die vrou uit Samaria, Johannes 4:18 “ en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. ” Wat roep sy uit “Kom kyk die Man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie? ”
4. Die wet moet sterwe sodat Christus in ons kan lewe, God is die wetgewer, en God eis volkome betaling (die ou mens moet sterf, dan sterf ook die slaafse gees, dit hou nie die gees in wat als slaaf God maar as slaaf onder die sonde nie aan die wet kan voldoen nie, die mens moet aan die einde van die wet kom) Jy moet die Borg van jou skuld uit genade ontvang... Efesiërs 5:14 “ **Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn .**”

Kan u sien dat die HERE die God van Israel, moet eers bekend word als 'n verterende vuur, 'n jaloerse God. Wie sal dan voor God kan bestaan. Die mens moet als 'n vyand van God bevind word in en deur homself om uit Christus verdienste verlos te word, nee dit is nie die vriendelike wat God behaag nie, want dit kan nie, dit is die wat totaal verlore is uit en in hulle self. Die wat God haat word versoen en met God uit die genade en verdienste van Christus versoen. Kan u insien dat alle hoop moet ontval om gered te kan word. Dan kom ons ook by 'n ander punt wat julle als Bybels ontken.

Dit is alleen aan God soewereine welbehae toe te skryf dat God 'n sekere aantal mense deur Sy Gees van hul skuld en diensbaarheid in die vrese van die Here onderrig word. Die aanbod van vrye genade is 'n soewereine aanbod. Die aanbod van genade kan ook nie sonder die toepassende werk van die ontdekking van sonde en ellende, in die totale verlore toestand van die mens, sonder die wet plaasvind nie. In die aanbod van vrye genade is daar niks van die mens by nie. Die uitverkorenes neem GEENSINS uit hulself die besluit om in Christus te glo nie, dit het God vir hulle besluit. En vind eers waarlik plaas wanneer Christus als hulle Borg en middelaar als hul Saligmaker optree. In die aanbod van vrye genade sluit God niemand uit nie alhoewel elke mens deur sy eie geregtigheid bekleed, homself uitsluit in hoogmoedigheid.  Die roeping kom tot elke hoorder van die Woord, maar alleen die wat deur God vantevore verordineer is, word geroep met 'n kragdadige roeping en die word deur Hom ook geregverdig in Sy (Christus) verdienste. Indien die vrese van die Here nie in ons wakker gemaak word nie,  vir die toekomende oordeel, is dit nie die skuld van die evangelie nie, ook nie van die Gees van God nie maar die mens se eie verdorwe toestand waarin hy in sy eie doodvonnis alreeds veroordeel is. Ook die uitverkorenes kan Christus nie aanneem en in Hom glo nie, tensy Hy aan hulle geskenk word uit genade alleen. Hulle word uit vrye genade salig. Word die mens dan nie tot bekering toegeroep nie,.. Handelinge 3:19 “ Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom,” God doen alles of Hy doen niks. Op grond van die Skrif leer ons geen medewerkende genade, maar vrye genade wat eensydig van God se kant alleen is.

## ***<u>Wanneer is iemand waarlik bekeer:</u>***

Volgens die leer wat ds. Kersten voorstaan bestaan daar 'n  “open-schuld-leer”. Die Godheid van Christus word as gevolg van hierdie leer van ds. Kersten vanaf die 'bevindelijk-gere-formeerde' kansels ondergeskik gemaak aan die Godheid van die Vader. Johannes 5:21-23 “***Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil.***” “***Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,***” “***sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.***” Omdat die wat aan die leer van ds. Kersten vashou, die vergifnis van sondes alleen aan God die Vader toeskryf, moet mens dan noodwendig Christus op die agtergrond skuif. Volgens hierdie leer speel die eerste fase van die wedergeboorte hom af op die sogenaamde toeleidende weg, waarvan Christus die stasie is. Indien jy dan nie hierdie stasie bereik nie, geen

nood, jy val dan tog met 'n skrik in die hemel. Daar word vasgehou aan die saak dat wat God begin het sal Hy ook voleindig, net so ook in die embrio leerstelling. Vertel my is julle wyser as Paulus, hy het geweet dat die vrees van die Here die mense beweeg tot die geloof (2 Kor. 5:11) , maar hy het nie geweet wie uitverkore was nie. Demas, die sekretaris van die apostel Paulus, het hom kennelik ook laat beweeg tot die geloof, maar hy was duidelik 'n huigelaar gewees, hy het die teenwoordige wêreld liewer gehad. Volgens die leer van ds. Kersten kan jy behoort tot die meer gelukkiges, dan leer jy Christus ken, maar dan is jy nog nie daar nie, want dan staan jou skuld nóg oop. Die pyl lê nog verder dan Christus (!), Want dit is **net** God die Vader - so sê mense - wat die sondes vergewe. Geliefde medereisiger na die ewige lewe, deur hierdie siel-bedriegery van die "open-skuld-leer" word die Godheid van Christus aangetas. Die leer is ook nie Bybels nie maar slegs 'n skets wat lei tot die hel ***sonder Christus en Sy genade***. Die Woord van God leer Gods volk dat alleen in Christus verdienste genade en verlossing is, dat die saligheid van Gods volk nie verniet is nie, maar duur voor betaal is in Christus bloed. Het Christus u als predikant dan nie vrygespreek uit Sy verdienste en het hy dan nie alle mag van die Vader ontvang nie...  De prediking van het Evangelie is 'n eensydige heenwys na die bloed van Christus aan het kruis. Joh. 1:29 "Sien die Lam Gods, wat die sonde van die wêreld wegneem". Dit is egter geen oproep om in eie krag en werk iets daarvan te maak nie. Maar dit is 'n roepstem tot die Seun van God wat die enigste Borg en middelaar vir Sy volk is.

Volgens die Woord van God staan die mens aan die eerste Persoon van die goddelike Wese skuldig. Solank ons nie weergebore is, is God vir ons 'n verterende Vuur en 'n ewige Gloed by wie niemand kan woon nie, of ons dit glo of nie. Vreeslik is dit om onversoend te val in die hande van die lewende God. As ons oortuig word van ons ellende-staat, sal ons nie eerste met Christus te doen kry nie, maar met die teen wie ons gesondig het en dit is die eerste Persoon, naamlik God die Vader. God doen van Sy reg geen afstand en in die Wet word die doodvonnis openbaar in die sondaar wat in die gerig voor God te staan kom. Daar bly vir die sondaar geen ander weg oor als die ewige ondergang waarin hy vir ewig verlore is nie. Die Heilige Gees oortuig dus sodanige sondaar tot die erkende staat van sy verlore toestand onder die wet dat hy alleen kan uitroep in erkenning: "Verlore, verlore, vir ewig verlore." Nee die mens is nou nog nie vrygekoop nie, die skuldbrief is nog nie aan hom geskenk nie. Die skuld word nie gratis weggewerk nie, nee, Christus  het duur met Sy bloed daarvoor betaal, Hy skenk dit wel aan onverdiende sondaars deur Sy soewereine genade verbond aan wie Hy wil. Als Christus met Sy bloed tussen tree tussen die Regverdige God en die hel-verdiende sondaar, dan word versoening vir die sondaar in die verdienste van Christus bloed gevind. Eers hier word die siel deur Hom vrygekoop en aan die sondaar word dan die geregtigheid van Christus toegereken. Deur die verdienste van Christus is 'n sondaar versoen met Christus en ook geregverdig. In die regverdigmaking kan God die Vader die sondaar vryspreek maar kragtens Christus Godheid is die seun ook daartoe geregtig en bekwaam en kan Christus ook die sondaar vryspreek van skuld en straf. Matteus 9:6 "***Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe — toe sê Hy vir die verlamde man: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.***" Johannes 5:25 "***Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe.***" "***Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.***" "***En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.***"

Kan u sien dat julle Gods Woord verkrag deur aan die  "open-skuld-leer" wat nie Bybels is nie vas te hou. Ek wil julle vermaan om terug te keer na Gods Woord en op die te bou, nie op menslike veronderstellings nie, want in die veronderstellings word julle ontdek dat julle nie die ware kerk van God is nie, maar gelyk staan aan Rome als 'n valse kerk. Julle veroordeel my nie indien julle teen my uitgaan nie, maar Die wat my gestuur het om julle te waarsku. Julle hoef my nie te glo nie, want in my sal julle ook nie die saligheid vind nie, maar wat staan geskrywe in die Woord van God... Indien julle voort wandel in julle eie geregtigheid sonder Gods ware Woord moet nie dink om Gods straf vry te spring nie!

## ***Preke wat onskriftuurlik is:***

Ek wil julle ook graag als kerkraad en als predikant daarop wys dat ek nie eens is op die wyse wat preke gepreek word en dat sulke preke en boek van die preke nie Bybels is nie. Daarom versoek ek dat die volgende boek om mee te begin verwyder moet word en erken moet word als 'n Godslasterlike preek oor Ester en Mordigai. Ek verwag ook dat die kerkraad op die punte soos hier onder genoem moet ingaan en indien die kerk dan die sensuur moet toepas soos wat julle beweer, kan julle ook nie in die saak julle hande in onskuld was nie. Ek ag dit onnodig om self ook hierop iets te skryf omdat daar alreeds deur ander daaroor genoeg geskryf is. Ek neem dan GPPB se brief op in my brief te heg met sy medewete.

> Wat we er wel in beschreven vinden, zijn de vele wellustige feesten. De belangrijkste personen zijn Mordechai en Esther. Waren dat voorbeeldige mensen? O nee, ze waren geen voorbeelden. Ze vertoonden beiden geen overeenkomsten met de Bijbelheiligen, zoals Abraham, Izak en Jakob, of de andere heiligen zoals die in Hebreeën 11 beschreven worden. Esther was bijvoorbeeld een meisje dat aan het hof verborgen hield dat ze een Jodin was. Esther verloor haar maagdelijkheid in het bed bij een dronken man met wie ze niet getrouwd was. En door dát meisje gaat de Heere nu Zijn volk verlossen.
>
> Wie was Mordechai? Wat was hij voor man? Ach, hij zette Esther aan om haar Joodse afkomst te verbergen. Ook al moest ze met al de spijswetten breken. Hij zette haar dus aan om tegen Gods wet in te gaan. Maar ... ondanks het feit dat déze twee personen de hoofdpersonen zijn, is het boek Esther toch een Bijbelboek. Als

**Ds. Weststrate:**

- "De belangrijkste personen (in het boek Esther) zijn Mordechai en Esther. Waren dat voorbeeldige mensen? O, nee, ze waren geen voorbeelden. Ze vertoonden beiden geen overeenkomst met de Bijbelheiligen, zoals Abraham. Izak en Jakob, of de andere heiligen zoals die in Hebreeën 11 beschreven worden." (Pag. 17).

**GPPB.:**

- GGinNed-wolf, Weststrate, is al eerder door de mand gevallen met zijn embryonaal-kuyperiaanse wedergeboorteleer en ook met zijn leugenverhaal over vaccinatie in het vaccinatie-leugen-interview "Van Kooten-Labee-Weststrate" (zie deze website) en nu vergrijpt Weststrate zich aan de godvrezende Jood Mordechai en aan de godvrezende koningin Esther. Hij vergrijpt zich dus aan Gods ware volk en -zoals gezegd- zegent hij de huichelaars in, zoals alle afgescheiden leraars dat doen, en derhalve is op Weststrate Ezechiel 13 van toepassing, zoals op alle valse leraren van toepassing is, aangezien Ezechiel in hoofdstuk 13 de valse leraars ontmaskert en hen het oordeel aanzegt bij God vandaan, omdat zij enerzijds het volk in de bloemhoven jagen en kussens onder de oksels naaien, en degenen die niet wedergeboren zijn zalig spreken en anderzijds vervolgen zij degenen die waarlijk wedergeboren zijn en in Christus geloven en houden hen voor dood (Ezech. 13:19), hetgeen een heersende trend geworden is in de volle breedte van de refokerken. **GGinN-Wolf Weststrate schoffeert Mordechai en Esther als zouden zij schandvlekken der zonden zijn.** Zelfs de bastaard Simon de Tovenaar zou zoiets over Mordechai en Esther niet durven zeggen van hetgeen Weststrate in zijn Esther-preken lasterlijk beweert. Dat Mordechai en Esther God vrezen komt in het boek Esther duidelijk openbaar en hun godzalige wandel komt eveneens duidelijk aan het licht. Alleen al het feit dat Mordechai pertinent weigerde de eerzuchtige, Godevijandige en Jodenvervolger, Haman te aanbidden, is een bewijs dat hij God vreesde, aangezien de ware Joden (met besneden harten) alleen de enige en ware God aanbaden en aanbidden. Mordechai eerde God publiek door niet voor de afgod Haman te gaan liggen, **zelfs tegen het gebod des konings in,** maar ook hierin was Mordechai Gode meer gehoorzaam dan de mensen. Daarom heeft God Zijn belofte aan Mordechai waar gemaakt: "*Die Mij eren zal Ik eren*", want Mordechai werd verhoogd en Haman aan zijn eigen galg gehangen, omdat hij God in Mordechai versmaadde. Hetzelfde geldt voor koningin Esther. Alleen al het feit dat Esther met haar eigen leven in de bres ging staan voor haar volk is een duidelijk bewijs van haar geloof in God, en haar zelfverloochende geloofsdaad is ook een bewijs dat zij door de liefde van Christus gedreven werd, zoals o.a. 1 Johannes 3:16 ons leert: "*Hieraan hebben wij de liefde gekend, dat Hij Zijn leven voor ons gesteld heeft; en wij zijn schuldig voor de broeders het leven te stellen.*" Esther was hierin ook een type van Christus. Koningin Esther laat ook het Joodse volk drie dagen vasten (bidden) (Esther 4:16), als zij -tegen de wet van Meden en Perzen in- met gevaar voor eigen leven tot de koning gaat, hetgeen een duidelijk bewijs is van haar geloof in de enige ware God.
- **Kanttekeningen bij Esther 4:16:**
  - 42) **vast voor mij,** *Zij wil zeggen: In uw vasten en bidden zult gij mijner bij God gedenken, dat Hij Zijn zegen wil geven tot de voorbede, die ik den koning doen zal.*
  - 43) **in drie dagen,** *Dit vasten heeft maar geduurd twee nachten, een vollen dag en twee delen van dagen. Want ten derden dage is Esther tot den koning gegaan, Esth. 5:1. Zie dergelijke manier van spreken Matth. 12:40, van het verblijf van Jona in den buik van den walvis, en van Christus in het graf.*
- Bovendien blijkt duidelijk dat de voorbeeldige(!) Mordechai het beste voor zijn volk zocht (Esther 10:3) en dat hij ook de schrijver van het boek Esther is geweest (Esther 9:20). Dat betekent dat Mordechai door DE INSPIRATIE DES HEILIGEN GEESTES het boek Esther geschreven heeft. <u>En deze godzalige Mordechai en de godvrezende koningin Esther worden door de GGinN-wolf ds. Weststrate als zondige wereldlingen weggezet</u>....!

**Weststrate:**

- "Esther was bijvoorbeeld een meisje dat aan het hof verborgen hield dat zij een Jodin was." (Pag. 17).

**GPPB.:**

- Weststrate is een Schriftvervalser, want Esther hield haar Joodse afkomst niet met slinkse streken verborgen, maar zij sprák er niet over. Dat is heel wat anders dan Weststrate suggereert, alsof Esther met leugen en bedrog haar Joodse identiteit verborgen hield. Esther heeft niet gezondigd door over haar Joodse afkomst niet te spreken, aangezien naar haar afkomst niet is gevraagd. Zij sprak er niet over, omdat de Joden min of meer als tweederangs burgers werden gezien in Perzië. Aangezien Esther in Susan was geboren, gebood haar neef Mordechai haar om niet over haar Joodse afkomst te spreken, want hij wilde haar de smaad van een tweederangs burgerschap besparen, hetgeen juist zeer edel was van Mordechai.

**Weststrate:**

- "Esther verloor haar maagdelijkheid in het bed bij een dronken man met wie ze niet getrouwd was." (Pag. 17).

**GPPB.:**

- Uit bovenstaand citaat blijkt dat de erotische ds-wolf Weststrate het durft te besteken om Esther als een hoer af te schilderen. PURE LASTER! Gods Woord leert duidelijk in Esther 2 dat zodra een maagd bij de koning in bed gelegen had, zij naar de wet van Meden en Perzen met hem getrouwd was en dat die vrouwen die bij de koning gelegen hadden **als bijwijven van de koning werden bewaard en niet met een andere man mochten trouwen.** Bovendien dikt Weststrate zijn lasterverhaal aan jegens Esther, door de valse bewering dat Esther bij een dronken man in bed gelegen had. Daarvan blijkt totaal niets in Esther 2. Koning Ahasveros was helemaal niet dronken toen hij Esther als vrouw verkoos. **De vraag die hier gesteld moet worden, is, wie hier de dronken man is: Ahasveros of Weststrate?**

**Weststrate:**

- "Wie was Mordechai? Wat was hij voor man? Ach, hij zette Esther aan om haar Joodse afkomst te verbergen. Ook al moest ze met al de spijswetten breken. Hij zette haar dus aan om tegen Gods wet in te gaan.

"**GPPB.:**

- De spotternij die Weststrate bedrijft jegens Mordechai en Esther, is niets anders dan Christus opnieuw kruisigen in Zijn volk! We hebben reeds aangetoond waarom Mordechai Esther gebood om niet over haar Joodse afkomst te spreken, hetgeen absoluut geen zonde was. Weststrate suggereert dat Mordechai Esther aanzette tot het bedrijf van slinkse manieren, hetgeen absurde laster is. Bovendien verzint Weststrate er een leugen bij, namelijk, dat Esther met de Joodse spijswetten gebroken zou hebben, maar hij doet geen tekstverwijzing, omdat er van zijn verzinsel niets in Gods Woord vermeld staat. De laster van Weststrate dat Mordechai Esther tot het overtreden van Gods Wet zou hebben aangezet, daarvan siddert zelfs de duivel, aangezien de aantijging van Weststrate jegens Mordechai een verzonnen en godslasterlijke fabel is en dat geldt voor alle spotternij van Weststrate jegens de godvrezende Mordechai en de gelovige koningin Esther.

**Schriftverkrachtende dominees als Weststrate die de bijbelheiligen zoals bijv. Simson, Mordechai, Esther en veelal ook Rachel bij de verworpenen zetten, zijn geen knechten van God,** maar staan aan de zijde van de valse leraren die niet alleen Gods ware volk verdacht maken en vervolgen, maar daarbij ook de hypocrieten zalig spreken. De Heilige Geest geeft namelijk geen enkele ware knecht van God zulke lasteringen te preken zoals ds. J.A. Weststrate die preekt. Ezechiel heeft zulke valse leraren het oordeel aangezegd bij God vandaan (Ezech. 13), zoals alle profeten en apostelen gedaan hebben en zoals al Gods ware getuigen doen op gezag en bevel van Christus.
**PS. Aan dit soort hels GGinNed-bedrog zoals we uit het boekje van ds. Weststrate hebben aangetoond, verdient de uitgever De Banier = RD HOLDING (!) bakken met geld !**

**GPPB**

## ***Die Baard:***

Ek wil 'n verkorte uittreksels weereens aanheg van my brief 2 jaar gelede aan die kerkraad om ook aan te toon dat die kerklike wette nie gemaak is na die Woord van God maar op eie gronde. Net so is die kerk op alle opsigte besig om homself en sy siening te regverdig deur slegs sekere sake aan te neem en ander te verag.

Geagte leser, laat my toe om te verklaar hoekom ek nie my baard wil of kan skeer nie.

- Die oomblik wat ek my baard skeer, nat of droog met of sonder 'n skeer-apparaat, is my gesig vol uitslag en juk erg vir lank. Om die rede sal daar dan 'n bietjie verslapping vergun kan word, daarvan is ek wel seker. (Om bv. slegs een keer per week te skeer.) Dan sou ek nog terwille vir die wat swak is na die geloof bereid wees om dit te doen.
- Ek kan ook oorgaan na die gewoontes van ons Afrikaner boerevolk voor die verleiding wat deur die TV en die media daar gestel is. Vir my boerevolk van ouds, was dit nie net alleen 'n teken van mans-waardigheid nie maar selfs ook van eerbaarheid. Volgens my volk was dit selfs 'n moet om sodanig te toon dat jy 'n man is en geen seuntjie nie maar volwasse en ook daar gestel is om die rangorde van God wat Hy daar gestel het in stand te hou. Sou ek indien die Sinode die saak op die sinode besluit teen die baard heroorweeg het, alhoewel hulle weet wat my siening as Afrikaner-boer is, my baard geskeer het omdat daar gesê word dat Gods Woord nêrens gebied dat 'n man 'n baard moet dra nie.

Liewe mede reisigers naar die ewigheid, hierdeur maak julle God se Woord kragteloos deur julle oorlewering, soos staan in Mark.7 :7-13: *"(5)Daarop stel die Fariseërs en die skrifgeleerdes Hom die vraag: Waarom wandel u dissipels nie ooreenkomstig die oorlewering van die ou mense nie, maar eet brood met ongewaste hande? (6)En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. (7)Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. (8)Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie. (9)En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou. (10)Want Moses het gesê: Eer jou vader en jou moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe. (11)Maar julle sê: As 'n mens aan vader of moeder sê: Enige voordeel wat u van my mag geniet, is korban, dit is 'n offergawe — (12)dan laat julle hom nie meer toe om iets vir sy vader of sy moeder te doen nie. (13)So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie."*

Ek smeek julle om julle hoofde ernstig te buig en God se Woord te ondersoek, en nie blindelings die abstrakte standpunt aan te neem in die punt van die baard naamlik: "*dat daar geen attestasies van lede mag aanvaar word wat **NIE ooreenkomstig God se Woord is nie** en na die opregtheid van die gemeentes gedra, nl. die dra van kort haar by vroue, en snorre en baarde by mans, ..... om so die verregaande wêreld-gelykvormigheid teen te gaan.*"
Vriende, die sinode laat geen ruimte oop vir die wat wel 'n baard en snor het. Al het God self bevestig dat Hy ook vir sulke swak en nietige sondaars aan die kruis gesterf het en hulle deur Sy bloed gereinig het en dit alleen uit genade. Moet sulke kleine kindertjies wat brood mag ontvang omdat Hy die brood verdien het weggewys word omdat hul swak en siek in hulself is en bo alles ook nog onwaardig om met die wat ryk en verryk is deel te hê! Het God vir hul nie dalk gesê, kom na My toe en het deel aan die krummels wat van die tafel val, terwyl die kerk hul wegwys en toon dat sulkes nie onder die voete moet wees nie maar op 'n ander plek moet speel. Beskou sulke mense tog nie as uiterstes of as verreikende wêreldse mense nie, maar ondersoek eerder of hulle nie juis na God se Woord probeer leef nie. Die kerk se standpunt van die baard maak homself ongeloofwaardig deur sulke standpunte in te neem.

Die kerklike wet is verkeerd, want hulle neem aanstoot aan iets wat die Bybel nie verbied nie. Indien die gedeelte in die ou testament nie meer vir jou geld nie, weet dat die Bybel een baard niet berbied nie. Reg is reg en krom is krom, vir my. Moet "reg" as gevolg van die liewe vrede vir "krom" maar sy sin gee? Vriende ek kan nie die menslike wet bo die Goddelike wet gehoorsaam wees nie. Ek wil nie die wet doen om daardeur salig te word nie, want dit kan nie. Indien ek my baard moet afskeer is dit seker ook reg om 'n tatoeëer merk te ontvang, dalk 'n kruis op die voorkop. Maar in my oog sal dit belaglik wees! Het ek ooit een probeer dwing om sy baard te laat groei en gestel dat hy anders geen saligheid in Christus kan besit nie. Maar vandag vra ek my af, wat eis God en waarvoor staan die kerk. Wandel die kerk na Gods Wette of na die kerklike wette. Samuel het vir Saul gesê dat gehoorsaam beter is as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Kyk ook hoe Christus in Mattheus nie die burgerlike eerbaarheid in die was van hande voor die eet bestraf nie, maar die bygeloof van die fariseër, wat daarin heiligheid en godsdienstigheid stel bo die Wette van God. Wat moet ek doen broeders, moet ek terwille van julle bygeloof my baard skeer?
Ons mag tog nie in stil swye voortgaan indien daar van God se gebod afgedwaal word nie. Wat moet ons doen wanneer dit duidelik blyk dat dit op grond van God se Woord onhoudbaar is, en ons enigsins gewetens besware het. Om die baard te skeer is nie ooreenkomstig met die Skeppings-orde asook teen God se Woord. In die dae toe Martin Luther teen die roomse kerk sy stellings vasgeslaan het, het almal ook gedink God gaan hom straf omdat Hy teen die gesalfdes van God se Wette reageer.

Geagte medereisiger, ek is nie Martin nie, ek is alleen 'n **afrikaner-boer wat nie die genade van God**

**verdien nie**, maar juis daarom kan ek nie swyg oor die feit dat julle openlik dwaal en Gods Woord kragteloos maak nie. (O God help my...) Die **baard is 'n skeppings-gawe aan die man**, 'n natuurlike gawe wat die Here die man gegee het. Skeer is iets teen die natuur. Dit moet dus geklassifiseer word as iets vergesog wanneer daar verbied word deur Gods volk en kerk om teen Gods wet in, om watter rede ook al te handel. 'n Man wat baard en snor laat staan eerbiedig die Skepper en Diens orde. **Sou die Skepper Hom vergis het deur aan die man 'n baard en snor te gee?** Kan iets wat in God se Woord as 'n gawe gegee is, terselfdertyd 'n gier wees? Hoe het dit gekom dat mans hulle gaan skeer, en met watter doel? Lees die kanttekening oor Openbaring 17:5, "*(5) en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.*" Die kanttekening van die woord "verborgenheid", waar hulle skryf dat dit die pous met sy geskore hoof en baard betref. Die kaarttekenaar skets dit in negatiewe sin op die pous.

Het u geweet dat vanaf 23 november 1700– 19 maart 1721 het die pous 'n groot verandering en omkeer in die geskiedenis teweeg gebring om gelykvormigheid tussen man en vrou teweeg te bring. Dit wat vele ander nie kon regkry nie het hy reggekry. Het u geweet dat vanaf die datum tot op die dag van vandag was daar nog nie 'n pous met 'n baard nie. Net vir die interessantheid, dit is 24 pouse. Of is dit dalk die god van liefde (eros) wat as ‘n volwasse man sonder ‘n baard uitgebeeld word wat die wêreld verlei het.
Ek kyk met eerbied na die predikante in die tyd van die Reformatie wat als dienaars van die Woord die deel van die Generale Sinode te Dordrecht, gehou in de jaar 1618/1619. Stuk vir stuk manne met indrukwekkende baarde..
Waarmee is die kerk besig?! Die baard is dus 'n sekondêre, of tweede geslagskenmerk. Deur die baard af te skeer verval die kenmerk, dit is om die 'man' met die 'vrou' gelyk te stel soos ons vandag vind. Waar het die orde gebly wat God daar gestel het. Hoe lank nog voor die vrou ook hier die man se amp en rol oorneem. Dan het julle ook mooi mee gewerk en gehelp om God se gesag wat Hy daar gestel het te ondermyn. Waar is die verskil tussen man en vrou, het God nie die man geformeer na Sy Beeld en Gelykenis nie. Ja ons het wel alles verloor in die paradys. Nou span die kerk ook nog saam teen die Skeppings-orde wat God daar gestel het. Ek het altyd gewonder waarom mans hulle baard afskeer, maar nooit hul wenkbroue. Die wenkbroue het God vir man en vrou gegee, maar die snor en baard nie? Hoeveel wêreld-gelykvormig vind ons nie in die wenkbroue nie. Dit sal tog nie menslik wees om 'n sinode-besluit te maak waarin staan dat daar geen vroue wat hul wenkbroue nie totaal en al uitpluk lidmaat mag word nie. Dan praat ons nie eens van die skeer van beenhare by die vrouens, en ook deesdae by mans.
Ek vra my af, as God die verskil so duidelik geskape het met hierdie suiwer manlike trek, het Hy nie 'n sekere bedoeling daarmee nie. Miskien het ons daarom vroue op die preekstoel gekry en huis-manne agter die toonbank.
Ek sou dit respekteer en ondersteun as die sinode 'n besluit sou uitvaardig, wat 'n verbod op bv. Rook, alkohol, rente, faseboek, ens. daarstel en dit so toepas soos met die baard. Julle weet dat hierdie sake nie mag en nie tot Gods eer gedoen kan word nie. Maar ... niemand durf in hierdie die eerste steen op te neem nie. Ons hoef nie eens te praat oor die toeloop agter die mode aan in alle opsigte, vanaf kleding, voertuie ens nie. Dit word alles gedoen alleen om die ek te vore te bring.
Moses sê: U mag nie die rand van u baard wegskeer nie as die wat die volk moet lei en onderrig. Levitikus 21:5. Die Ger.Gezinde in Nederland sê: Jy mag in die geheel geen baard en snor dra nie. Ons Oudvaders dra baarde en snorre, en selfs mooi pruike en lang hare. Die Ger.Gezindte het self 'n nuwe oorlewering gemaak, nl geen baard en snor.
Wat leer die Skrif en die grondteks ons?
Die Hebreeuse woord *Zaqan* = baard (uitdrukking van die manlike krag, gee hoogagting te ken, aansien, identifikasie van die ouderdom en is 'n “badge” van eer).
*Zaqen* = oudste, waardigheidsbekleder

Weet u nog wie het in die sinode van 1939 gedien (Synode-Sneek 1939 van de Gereformeerde Kerken.)
Enkele hoogleraar-adviseurs; (met baard): H.H. Kuyper, ds. F.C. Meijster. Ens, was die dan nie mense wat vir u asook vir my 'n voorbeeld moet stel nie, of is dit verwerplike mense omdat hulle baarde het, mense wat nie in ons kerke sou mag voorgegaan het nie en dus ook nie die sakramente sou mag bedien het nie...
Moet nie roem op die onderhouding van menslike wette nie, daar aan lê geen saligheid nie maar eerder onenigheid wat juis nie van God, maar van die duiwel is, hy wat nog altyd die waarheid verdraai het. Ek vind dit hartseer en 'n afbreuk van die Skeppings-orde en hoop dat die sinode sal insien dat hul dit juis teen die orde en gesag van God het. Sodoende stel hulle gelykvormigheid tussen man en vrou. Die Bybel gee in ieder geval geen verbod op snorre en baarde. Ek kan nie verstaan dat die sinode op so 'n wyse as kerk teen God en God se Wette handel nie, dat 'n sinode op so 'n manier misbruik maak van sy deur God gekry krag. Die 'verbod' op baarde en snorre is naamlik ook nie afgelei van enige Bybelteks nie. Daarom kom voorstanders van so 'verbod' daar ook nie voor die dag met 'n teks waarmee hulle kan staaf dat God hulle mag gegee het om die gedeelte in

Gods woord in onbruik te stel nie. Al gedeelte om hul te regverdig is *dat mense met hulle verwelklike gedrag en onnette wêreld-gelykvormige baarde, sy baard moet afskeer*. Op wie geld dit dan indien my baard stigtelik is en ek selfs uiterlik ook probeer leef na Gods weg asook Sy Wette. Wie gee wie 'n verwerplike gedrag. Hoe is dit moontlik dat hulle hul wyser as God se Woord ag... Moet daar dan ook gebid word deur die predikers als ook die wat in die kerkraad dien, asof ons God kan bestuur en aanspreek dat hy die oog van die wat nie hulle baarde wil skeer moet open, **of moet ons om leiding bid**? Glo hulle regtig dat God Sy eie Skeppings-orde gelykvormig wil maak en het hulle nog nooit gelees wat die skrif in Levitikus 19:27 sê nie? Onder soek die skrif, bid tot God vir lig op die onderwerp en moenie veroordeel nie, want met die oordeel wat ons mee oordeel sal ons veroordeel word. **Laat ons mekaar eerder vermaan om na Gods weg te wandel en ook mekaar toon op ons verlore toestand sonder Christus genade**, want God eis van ons om Sy wet te onderhou en daarna te lewe, en tog kan ons nie. Laat ons vir mekaar bid in kinderlike vertroue, dat Hy wat ons kan reinig, met ons doen na Sy wil... **Laat ons nie vir mekaar laste oplê wat nie deur God opgedra is nie**, ***want God se volk het nie so gewoonte nie, maar help eerder om ander se laste te dra.***
Vanuit die Joodse wortels is 'n baard op grond van die wet, deel van die gehoorsaam van die wet. Dat die Here Jesus ook 'n baard gedra het, is blykbaar nie relevant genoeg nie.

Ek het gelees van Diogenes (word gekroond tot "keizer van Byzantium" en regeer van 1068 tot 1071) wat 'n man ontmoet het wat se baard afgeskeer was, en vir hom verwonderd gevra het: "**Verwyt jy die natuur dat jy tot man gemaak is, en nie tot vrou nie?**"

Geagte kerkraad, indien u vashou aan die siening dat die baard by 'n man geskeer moet word mislei u nie net u self nie maar ook die hele gemeente waaroor u sê dat God u aangestel het. Sal God dan nie van u hand ook die dwaling eis nie? Broeders, uit liefde roep ek u toe: Sit de ou paaie terug, nie net in die baard nie, dit is maar 'n klein beginsel. Ek smeek u toe om te begin om te kyk volgens Gods Woord te ondersoek en te ontdek wat is die mens in sy eie verlore toestand. Weet dat u beste werke 'n gruwel is voor God. Indien daar iets van u eie nog te vinde is, u is dan waarlik nog hel verdiend.

Wees gegroet maar ondersoek Gods Woord...

## ***Kom ons sluit af:***

Ek het al die bogenoemde sake dan aan u mee gedeel met die hoop dat julle sal insien dat julle self die oorsaak is dat God van julle gewyk het deur Sy Gees. Julle weet dat ek jare en jare deel was van julle, en dat die Here toegelaat het dat julle my aan die wêreld uitgelewer het. Selfs als onbekeerde mense is julle almal wyser als God en maak julle eie wette en reëls sonder om Gods Woord te raadpleeg, sal julle dan na 'n roepstem in die duisternis wil luister wat julle toeroep om terug te keer na Gods Woord. Ek het geen haat oor die onreg wat julle my aangedoen het nie, want het Saulus nie self ook gedink dat hy God dien deur die christendom te vervolg nie. Maar God het hom om-skyn deur 'n lig en Hom getoon wie hy agtervolg. Ek sit vandag hier als 'n siek man wat daagliks afgebreek word en die woord is moontlik my laaste woord aan julle als die Here my nie vir die 4de keer ook hierdeur help nie. Julle weet dat ek alreeds 3 hartaanvalle oorleef het en deur die onderhoudende genade van God weer van mag herstel het. Dit het nie in 'n hoek gebeur nie maar onder julle. Julle weet ook dat ek nie, al het God my geroep om Sy Woord uit te dra, goed genoeg was in julle oë omdat ek 'n Afrikaner is, en nie julle taal magtig is nie.

Ek kan met julle leer nie saamgaan nie, daarin nie eens wees nie. Want u leef nie meer na die beginsel om alles by God af te smeek nie, maar julle druk mos deur in julle eie demokratiese wyse al saam met die stroom van wêreldse vrysinnigheid.

Ek roep u toe, bedrieg nie u eie huisgesinne asook die volk wat onder u is nie, want God sal die siele van u hand eis. Julle weet ook wat ek onder julle was, tot spot en smaad. In my vlees het ek niks om op te roem nie, maar my laaste roepstem moontlik wil ek tot julle uit my swakheid roep... Bekeer u van u louheid!!! Openbaring 3:16 "***Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!***" "***Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.***" Hiermee wil ek dan afsluit...

Ben Smit